Senwes

BREEK STEEDS NUWE GROND

TUSSENTYDSE RESULTATE

31 OKTOBER

2017

SENWES BEPERK

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate van Senwes Beperk (die "maatskappy") vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2017 sluit in die maatskappy, al sy filiale, gesamentlik beheerde ondernemings en geassosieerde (gesamentlik na verwys as die "groep").

Die Senwes Beperk verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate, insluitend die staat van omvattende inkomste, staat van finansiële posisie, staat van kontantvloeie en staat van veranderinge in ekwiteit vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2017, word voorberei ooreenkomstig die vereistes van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (International Financial Reporting Standards) (IFRS) en die interpretasies soos aanvaar deur die Internasionale Rekeningkundige Standaarde Raad (International Accounting Standards Board), die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (South African Institute of Chartered Accountants) (SAICA), Finansiële Rapporteringsriglyne (Financial Reporting Guides) soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktyke Komitee (Accounting Practices Committee), finansiële uitdrukkings soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarderaad (Financial Reporting Standards Council), die voorleggingsvereistes van IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, nr. 71 van 2008.

INHOUDSOPGAWE

4 Besigheidsoorsig

8 Verkorte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

9 Verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie

10 Verkorte gekonsolideerde staat van kontantvloeie

10 Verkorte gekonsolideerde staat van verandering in ekwiteit

11 Aantekeninge

15 Kennisgewing in terme van Artikel 44 en 45 van die Maatskappywet, 2008

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van hierdie verkorte tussentydse resultate is ooreenkomstig IFRS en is konsekwent met die rekeningkundige beleide wat toegepas is in die voorbereiding van die groep se vorige geouditeerde jaarstate.

Hierdie tussentydse resultate is nie geouditeer nie en 'n onafhanklike oorsig is nie gedoen deur die groep se eksterne ouditeure nie. Die tussentydse verkorte finansiële state sluit nie alle inligting en openbaarmaking in soos vereis in die jaarlikse finansiële state nie en moet gelees word in samehang met die groep se jaarlikse finansiële state soos op 30 April 2017.

Alle bedrae hou verband met die groep se resultate, tensy anders aangedui.

Die direkteure van die groep neem volle verantwoordelikheid vir die voorbereiding van hierdie verslag.

Die groep se resultate is onder toesig van die Groep Hoof Finansiële Beampte, CF Kruger GR(SA), voorberei.

Die resultate is op 6 Desember 2017 gepubliseer.

Silo-inkomste en tonne ontvang



Genormaliseerde wesensverdienste



Genormaliseerde segment wins voor belasting



BESIGHEIDSOORSIG

Oorsig

Die eerste ses maande van die 2018 finansiële jaar is gekenmerk deur 'n rekord oesinname. Mielieprys het op die verhoogde volumes gereageer en naby aan uitvoerpariteitsvlakke verhandel. Omset het met 15,4% afgeneem weens verlaagde kommoditeitspryse.

'n Wins na belasting van R144,9 miljoen word gereflekteer, wat 60,7% hoër is as die vorige jaar. Genormaliseerde wesensverdienste het tot 97,8 sent per aandeel verhoog, wat 81,5% hoër is as die ooreenstemmende periode se 53,9 sent per aandeel.

Bedryfskapitaal is op 'n hoër vlak as die vorige jaar, hoofsaaklik weens die hoë graanvolumes. Die eiekapitaalverhouding was deurlopend onder druk en daar is op balansstaat- en kontantvloeibestuur gefokus. Dié verhouding van 36%, is laer as die vorige jaar, maar steeds binne die kapitaalhandhawingsriglyne van 35% tot 45%.

Positiewe kontantvloei van R303 miljoen is uit bedryfsaktiwiteite gegenereer, na die betaling van 'n finale dividend van R43,5 miljoen vir die 2017 finansiële jaar, sowel as rente betaal van R111,4 miljoen. Rentedekking van 3,0 keer is hoër as die vorige jaar se 2,5 en is gemaklik binne die finansieringskaveate.

Bedryfsoorsig

Marktoegang

Senwes Grainlink, die opberging- en hanteringsbesigheid, het die grootste graaninname sedert die vorige rekord in 1981 beleef. Senwes Grainlink het die rekord ten opsigte van tonne ingeneem op 'n daaglikse basis, gebreek. Graan ontvang het met 220% vanaf die vorige seisoen verhoog, ondanks die negatiewe impak van baie lae oordragvoorrade vanaf die vorige seisoen. Grainlink Silobedryf en Verkryging het sy markaandeel gehandhaaf en selfs daarin geslaag om markaandeel in sekere gebiede te verhoog weens innoverende produkte en dienste en kapitaalbeleggingsprogramme wat bedryfseffektiwiteit en waardetoevoeging vir die klant ten doel gehad het.

Tradevantage, die kommoditeitsverhandelingsbesigheid, het 'n normale eerste ses maande beleef. Die rekord mielie-oes het 'n verlaging in mielieprys tot feitlik op uitvoerpariteitsvlak tot gevolg gehad. Die mark het ook voldoende geleentheid gebied om graan

na toekomstige maande te rol sonder die risiko van tekorte ten opsigte van drakoste en basispremies.

Dié segment reflekteer 'n wins voor belasting van R152 miljoen, wat R95 miljoen (166,7%) hoër is as die ooreenstemmende periode van die vorige jaar.

Insetverskaffing

Die landboutoerustingbesigheidseenheid, Senwes Equipment, is onder druk en ten spyte van 'n verhoogde omset, het die bruto wins met 15,1% gedaal. Lae kommoditeitspryse, groter fokus van die produsent om sy skuldvlakke te normaliseer en lae sakevertroue in die volgende seisoen het veroorsaak dat produsente nie by hul normale kapitaalgoederevervangingsprogram bly nie en het hul besluit hieromtrent uitgestel. Senwes Equipment het met sy John Deere-agentskap sy markaandeel in hierdie onderdrukte mark behou en het hierdie voetspoor verder uitgebrei in die Oos-Kaap. Ten spyte hiervan is inkomste uit die verkoop van nuwe heelgoedere onder ernstige druk. Ander afdelings, soos die Onderdele- en Diensafdeling, presteer goed.

Die kleinhandel en landbou-inset gesamentlike onderneming met Afgri, Hinterland, is ook gedaag met verlaagde verbruikerspandering, op veral plattelandse gebiede, sowel as onsekerhede wat die nuwe seisoen meebring. Die gevolg van bogenoemde is 'n stadige opname van nuwe krediet in vergelyking met die vorige jaar.

Die bestuur van stadigbewegende en verouderde voorraad bly 'n fokusarea vir bestuur.

Dié segment reflekteer 'n wins voor belasting van R17 miljoen, wat 45,2% laer is as die ooreenstemmende periode van die vorige jaar.

Finansiële dienste

Die rekordoes en lae mieliepryse het 'n impak op die resultate van die kredietafdeling gehad, aangesien die meeste kliënte nie voldoende teen prysfluktuasies verskans was nie.

Senwes Credit het, weens goeie verhoudings met sy kliënte, daarin geslaag om agterstalligheid te beperk tot 8% van die boek, vergeleke met 11% soos op 31 Oktober 2016. Die groei van die boek sal na verwagting beperk word weens die druk op kliënte, wat vererger word deur strenger uitleenkriteria deur finansiers en 'n gebrek aan likiditeit ten opsigte van die aankoop van landbougrond. Streng bestuur word ten opsigte van die kredietboek toegepas en die boek is goed versekureer deur prima sekuriteit.

Certisure, die gesamentlike versekeringsbesigheid met NWK, het op dieselfde vlak as die vorige jaar presteer.

Dié segment reflekteer 'n wins voor belasting van R67 miljoen, wat R2 miljoen (2,9%) laer is as die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

Vooruitsigte

Die tweede semester word gewoonlik gekenmerk deur 'n sterk afname in graanvoorrade soos afnemers van graan en oliesade hul produkte onttrek. Indien die huidige lae verbruikstendense voortduur, behoort die hele mark met 'n buitengewone hoë eindvoorraadvlak ten opsigte van sagtekommoditeite teen April 2018 te sit. 'n Normale nuwe seisoen sal voorwaar uitdagings bring met betrekking tot opbergingskapasiteit. 'n Aantal produsente hou hul graanvoorraad terug in afwagting op beter pryse en 'n moeilike tweede semester vir landboutoerustingverkope word voorspel en voorraadvlakke sal omsigtig bestuur word.

Dividendverklaring

'n Tussentydse dividend van 27 sent (2016: 20 sent) is verklaar. Die laaste dag vir verhandeling sowel as die rekorddatum is 15 Desember 2017. Dividende sal betaal word op 18 Desember 2017, netto van dividendterughoubelasting van 20%, waar van toepassing. Vir Senwes aandeelverhandeling, besoek www.zarx.co.za.

Met volmag van die direksie.

JDM Minnaar
Voorsitter

F Strydom
Groep Hoof
Uitvoerende Beampte

CF Kruger
Groep Hoof
Finansiële Beampte

Klerksdorp
6 Desember 2017

Verkorte Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste

	6 maande geëindig 31 Oktober		Jaar geëindig 30 April
	2017 Onge-ouditeer R'm	2016 Onge-ouditeer R'm	2017 Ge-ouditeer R'm
Omset uit voortgesette bedrywighede	**4 844**	5 727	9 927
Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie (EBITDA)	**330**	262	453
Depresiasie en amortisasie	**(23)**	(22)	(39)
Bedryfswins voor finansieringskoste (EBIT)	**307**	240	414
Finansieringskostes	**(111)**	(101)	(204)
Wins na finansieringskoste	**196**	139	210
Winsdeel van gesamentlike ondernemings en geassosieerde	**1**	(7)	19
Wins voor belasting uit voortgesette bedrywighede	**197**	132	229
Belasting	**(51)**	(41)	(62)
Wins vir die jaar	**146**	91	167
Ander omvattende inkomste klassifiseerbaar na wins en verlies, na belasting.			
Winsdeel van ander omvattende inkomste van gesamentlike onderneming	**1**	-	1
Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting	**147**	91	168
Wins toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**145**	90	166
Nie-beherende belang	**1**	1	1
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**146**	90	167
Nie-beherende belang	**1**	1	1
Verdienste en genormaliseerde wesensverdienste			
Verdienste per staat van omvattende inkomste	**145**	90	166
Aanpassings:			
Verlies op buitelandse valuta	**-**	1	-
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**-**	-	(2)
Wins met verkoop van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates	**(3)**	-	-
Waardedaling van beleggings en lenings	**7**	-	17
Verlies weens ongeldige skikkings	**12**	-	-
Ander/nie-herhalende items	**2**	-	1
Belastingeffek van aanpassings	**1**	-	1
Genormaliseerde wesensverdienste	**164**	91	183
Geweegde gemiddelde aantal aandele uitgereik ('000)	**167 782**	168 885	168 885
Verdienste per aandeel (sent)	**86,9**	53,4	98,3
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	**97,8**	53,9	108,4
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	**80,2**	49,9	91,8
Verwaterde genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	**90,7**	50,4	101,2
Dividend per aandeel			
Dividende (sent)	**27,0**	-	45,0
Interim dividend	**27,0**	-	20,0
Finale dividend	**-**	-	25,0
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**1 227,5**	1 139,8	1 166,5

Verkorte Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie

	Soos op 31 Oktober		Soos op 30 April
	2017 Onge-ouditeer R'm	2016 Onge-ouditeer R'm	2017 Ge-ouditeer R'm
Bates			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**491**	437	471
Belegging in gesamentlike ondernemings	**231**	213	228
Belegging in geassosieerde	**25**	-	25
Ander finansiële bates	**4**	29	4
Langtermyn gedeelte van ander lenings ontvangbaar	**-**	-	7
Lenings en bedrae ontvangbaar	**1 049**	937	1 031
Uitgestelde belastingbate	**4**	13	11
Totale nie-bedryfsbates	**1 804**	1 629	1 777
Bedryfsbates			
Voorraad	**1 584**	917	674
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar	**1 816**	1 947	2 557
Ander lenings ontvangbaar	**31**	51	36
Voorraad gehou onder vaste verkoopsverbintenisse	**218**	338	75
Afgeleide finansiële instrumente	**42**	130	128
Kontant- en korttermyndeposito's	**304**	6	14
Totale bedryfsbates	**3 955**	3 389	3 484
TOTALE BATES	**5 799**	5 018	5 261
Ekwiteit en aanspreeklikhede			
Ekwiteit			
Uitgereikte aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**67**	67	67
Tesourie-aandele	**(148)**	(126)	(126)
Reserwes	**35**	27	33
Behoue verdienste	**2 096**	1 956	1 995
Eie ekwiteit	**2 051**	1 925	1 970
Nie-beherende belang	**20**	19	19
Totale ekwiteit	**2 071**	1 944	1 989
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende lenings	**1 002**	1 002	1 002
Totale nie-bedryfslaste	**1 002**	1 002	1 002
Bedryfslaste			
Handels- en ander rekeninge betaalbaar	**795**	806	459
Rentedraende lenings	**1 738**	1 121	1 574
Afgeleide finansiële instrumente	**46**	60	169
Ander lenings betaalbaar	**82**	53	43
Belasting betaalbaar	**15**	14	-
Korttermynaansporingsbonusse	**27**	-	14
Voorsienings	**23**	18	11
Totale bedryfslaste	**2 726**	2 072	2 270
Totale laste	**3 728**	3 074	3 272
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**5 799**	5 018	5 261

Verkorte Gekonsolideerde Staat van Kontantvloeie

	6 maande geëindig 31 Oktober		Jaar geëindig 30 April
	2017 Onge-ouditeer R'm	2016 Onge-ouditeer R'm	2017 Ge-ouditeer R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite	**350**	265	457
Belasting betaal	**(30)**	(18)	(50)
Finansieringskostes betaal	**(111)**	(101)	(204)
Dividende betaal	**(44)**	(35)	(71)
Verandering in bedryfskapitaal	**138**	(55)	33
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**303**	56	165
Netto kontantvloei uit/(gebruik deur) beleggingsaktiwiteite	**8**	(85)	(186)
Netto kontantvloei voor finansierings-aktiwiteite	**311**	(29)	(21)
Netto kontantvloei gebruik deur finansierings-aktiwiteite	**(21)**	-	-
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**290**	(29)	(21)
Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar	**14**	14	35
Kontant en kontantekwivalente - einde van die tydperk	**304**	(15)	14

Verkorte Gekonsolideerde Staat van Verandering in Ekwiteit

Vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2017

	Uitge-reikte aandele-kapitaal en premie R'm	Tesourie-aandele R'm	Behoue ver-dienste R'm	Ander reserwes R'm	Nie-beherende belang R'm	Totaal R'm
Saldo op 30 April 2017 (Geouditeer)	**68**	**(126)**	**1 995**	**33**	**19**	**1 989**
Wins vir die tydperk	**-**	**-**	**145**	**-**	**1**	**146**
Ander omvattende inkomste	**-**	**-**	**-**	**1**	**-**	**1**
Dividende betaal	**-**	**-**	**(44)**	**-**	**-**	**(44)**
Aankoop van tesourie-aandele	**-**	**(22)**	**-**	**-**	**-**	**(22)**
Ekwiteitvereffende aandeel-gebaseerde betalingskema	**-**	**-**	**-**	**1**	**-**	**1**
Saldo op 31 Oktober 2017 (Ongeouditeer)	**68**	**(148)**	**2 096**	**35**	**20**	**2 071**
Saldo op 30 April 2016 (Geouditeer)	68	(126)	1 901	20	19	1 882
Wins vir die tydperk	-	-	90	-	1	91
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-
Dividende betaal	-	-	(35)	-	(1)	(36)
Ekwiteitvereffende aandeel-gebaseerde betalingskema	-	-	-	7	-	7
Saldo op 31 Oktober 2016 (Ongeouditeer)	68	(126)	1 956	27	19	1 944

AANTEKENINGE

1. Verwante party-transaksies

1.1 Senwesbel Bpk. ("Senwesbel")

Dividende van R23,9 miljoen is aan Senwesbel betaal.

1.2 Handelsdebiteure - Direkteure

Die handelsdebiteure bestaan uit produksiekrediet-rekeninge sowel as ander rekeninge waarvoor kliënte van die maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die kliënte van die maatskappy.

Op 31 Oktober 2017 het die direkteure die groep R45,1 miljoen op bogenoemde rekeninge geskuld, waarvan R Nul agterstallig was. Sekuriteit is volgens normale praktyke dienooreenkomstig gevestig.

2. Voorwaardelike aanspreeklikheid

Die Mededingingskommissie het 'n aansoek op Senwes en Tradevantage beteken op 24 Augustus 2017 om beweerde oortredings van die skikkingsooreenkoms tussen die Mededingingskommissie en Senwes, wat deur die Tribunaal as 'n hofbevel bekragtig is, na die Tribunaal te verwys met die versoek dat 'n administratiewe boete van 10% van Senwes se omset gehef word. Senwes ontken enige oortredings en staan die versoek teen. Die saak sal voortgaan en die verhoor sal waarskynlik eers gedurende Junie 2018 'n aanvang neem.

3. Aandeleterugkoopskema

'n Aandeleterugkoopskema, ter waarde van R45 miljoen, het 'n aanvang geneem op 30 Junie 2017, teen 'n gemiddelde prys van R12,30 per aandeel. Teen 31 Oktober 2017 was daar reeds 2,039,877 aandele teruggekoop vir 'n totale bedrag van R24,4 miljoen teen 'n gemiddelde prys van R11,96 per aandeel. Vir meer inligting rakende die skema, besoek www.senwes.co.za.

4. Bedryfsegmente

Inligting rakende rapporteerbare segmente	SEGMENTINKOMSTE		
	6 maande geëindig 31 Oktober		Jaar geëindig 30 April
	2017 Onge-ouditeer R'm	2016 Onge-ouditeer R'm	2017 Ge-ouditeer R'm
Finansiële dienste (Senwes Credit, Senwes Batefinansiering en Certisure Groep)	**160**	145	309
Inkomste vanuit finansieringskliënte en diensvlakooreenkomste	**160**	145	309
Finansieringskostes	**-**	-	-
Wins van gesamentlike ondernemings	**-**	-	-
Insetverskaffing (Senwes Meganisasie, JD Implemente, Hinterland Groep en Grasland Ondernemings)	**775**	753	1 350
Inkomste vanuit die verkoop van goedere en dienste gelewer	**815**	776	1 470
Intragroepverkope	**(40)**	(23)	(120)
Finansieringskostes	**-**	-	-
Verlies van gesamentlike ondernemings	**-**	-	-
Marktoegang (Senwes Grainlink, Tradevantage, Senwes Graanmakelaars, Grainovation en ESC)	**3 841**	4 766	8 171
Inkomste van kommoditeitsverhandeling, verkoop van goedere en dienste gelewer	**6 389**	7 956	12 508
Intragroepverkope	**(2 548)**	(3 190)	(4 337)
Finansieringskostes	**-**	-	-
Wins van gesamentlike ondernemings	**-**	-	-
Normale bedryfsaktiwiteite	**4 776**	5 664	9 830
Korporatiewe koste	**68**	63	97
Inkomste van diensvlakooreenkomste	**50**	40	82
Rente ontvang van gesamentlike ondernemings	**18**	23	15
Finansieringskostes	**-**	-	-
Korporatiewe kostes	**-**	-	-
Totale inkomste	**4 844**	5 727	9 927
Wins voor belasting			
Belasting			
Wins na belasting			
Nie-beherende belang			
Wins na belasting en nie-beherende belang			

5. Aankope en vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting

Gedurende die ses maande tot 31 Oktober 2017 het die groep eiendom, aanleg en toerusting ten bedrae van R43,6 miljoen aangekoop. Eiendom, aanleg en toerusting met 'n boekwaarde van R0,9 miljoen, is vervreem gedurende dieselfde tydperk.

6. Kapitale verpligtinge

Verbintenisse reeds gekontrakteer beloop R7,3 miljoen en sal gefinansier word uit kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite terwyl R10,2 miljoen gemagtig is deur die direksie, maar nog nie gekontrakteer is nie.

SEGMENTRESULTATE

6 maande geëindig 31 Oktober		Jaar geëindig 30 April
2017 Onge-ouditeer R'm	2016 Onge-ouditeer R'm	2017 Ge-ouditeer R'm
67	69	147
129	126	275
(64)	(60)	(136)
2	3	8
17	31	43
28	49	62
-	-	-
(6)	(7)	(14)
(5)	(11)	(5)
152	57	85
183	76	133
-	-	-
(35)	(20)	(51)
4	1	3
236	157	275
(39)	(25)	(46)
9	6	15
18	23	16
(1)	(1)	(3)
(65)	(53)	(74)
197	132	229
(51)	(41)	(62)
146	91	167
(1)	(1)	(1)
145	90	166

7. Billike waarde van instrumente

Die volgende tabel som die billike waarde van instrumente op, soos geopenbaar in die staat van finansiële posisie of die groep se finansiële state, per klas van bate of las, gekategoriseer in vlak van beduidendheid van insette gebruik om die waardasies te doen:

	Billike waarde soos op 31 Oktober 2017			
	Totaal R'm	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir soortgelyke instrumente Vlak 1 R'm	Ander beduidende waarneembare insette Vlak 2 R'm	Beduidende nie-waarneembare insette Vlak 3 R'm
Totale bates	**1 519**	**1 489**	**1 489**	**26**
Totale laste	**609**	**609**	**26**	**4**

Handels- en ander debiteure, lenings ontvangbaar en -betaalbaar teen geamortiseerde koste is geag teen billike waarde te wees.

	Billike waarde soos op 30 April 2017			
	Totaal R'm	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir soortgelyke instrumente Vlak 1 R'm	Ander beduidende waarneembare insette Vlak 2 R'm	Beduidende nie-waarneembare insette Vlak 3 R'm
Totale bates	378	349	25	4
Totale laste	171	171	-	-

Handels- en ander debiteure, lenings ontvangbaar en betaalbaar teen geamortiseerde kostes is geag teen billike waarde te wees.

Gedurende die periode was daar geen veranderinge in die vlakke nie. Daar het ook nie nuwe items bygekom nie.

Met volmag van die direksie

JDM Minnaar
Voorsitter

F Strydom
Groep Hoof
Uitvoerende Beampte

CF Kruger
Groep Hoof
Finansiële Beampte

Klerksdorp
6 Desember 2017

Kennisgewing in terme van Artikel 44 en 45 van die Maatskappywet, 2008

Op 24 Augustus 2017 (tydens die algemene jaarvergadering) is goedkeuring deur die aandeelhouers verleen vir die verlening van finansiële bystand aan die filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde van Senwes in terme van artikel 44 en 45 van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008. In terme van die goedkeuring is die volgende bystand verleen:

Maatskappy	R'm
Grasland Ondernemings (Edms) Bpk	8

Direkteure

JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Groep Hoof Uitvoerende Beampte)*, SF Booysen (Ondervoorsitter), JBH Botha, AJ Kruger, CF Kruger (Groep Hoof Finansiële Beampte)*, JJ Minnaar, SM Mohapi, NDP Liebenberg, TF van Rooyen, WH van Zyl en AG Waller.
EM Joynt (Maatskappysekretaris)
* Uitvoerend

Geregistreerde kantoor

Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570
Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464 7800

Oordragsekretarisse

Die Maatskappysekretaris
Posadres: p/a Die Sekretaris, Senwes Beperk,
Posbus 31,
Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464 7104
Webwerf: www.senwes.co.za

Senwes is genoteer op ZAR X (Edms) Bpk, 'n gelisensieerde beurs. www.zarx.co.za

Korporatiewe inligting

NAVRAE OOR HIERDIE VERSLAG
Corné Kruger (Groep Hoof Finansiële Beampte)
Telefoon: 018 464 7476
E-pos: corne.kruger@senwes.co.za

SENWES BPK
Registrasienommer: 1997/005336/06

POSADRES
Posbus 31
Klerksdorp
2570

GEREGISTREERDE KANTOOR
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2571
Telefoon: 018 464 7800
Faks: 018 464 2228
E-pos: info@senwes.co.za

ETIEK-HULPLYN
080 464 7800

BELEGGERVERHOUDINGE
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwes Bpk
Posbus 31
Klerksdorp
2570
Telefoon: 018 464 7104
Faks: 018 464 7121

OUDITEUR
Ernst & Young Ing.
Privaatsak X14
Sandton
2146

FINANSIERINGSVENNOTE
Absa Bank
Nedbank
Rand Merchant Bank
WesBank